Ek is my

Ek is my jare
my grys hare my jig
ek is my oorgewig
ek is my boeke my films
my liefdes my verliese
ek is my vriende my familie
ek is my lesse my berou
ek is my vergeet & my onthou
ek is my bloeddruk my pille
my hart my longe my lewer
ek is my voël & my knaters
my jaglus & my berou
my suksesse & my flaters
my lewervlekkies & my niere
my vergrote hart & my kliere
dit was 'n lang pad tot hier
van oordaad & tekort
om ék te word